

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

BEHEER VAN DIE TRUST

In die vorige drie artikels is daar redelik aandag aan die oprigting, administrasie en beëindiging van 'n trust gegee. Uit hierdie besprekings was dit duidelik dat trusts 'n veelsydige besigheidsvorm is en baie nuttig gebruik word vir die beskerming van begunstigdes se belange en kontinuïteit van die boerdery na afsterwe van die oprigter terwyl dit beperkte aanspreeklikheid op die bates bied. As 'n besigheidsvorm vergelyk 'n trust baie goed met ander besigheidsvorme terwyl dit terselfdertyd ook 'n handige instrument vir erfopvolging is.

PARTYE TOT 'N TRUST

In wese is 'n trust 'n wetlike instelling waar 'n tussenganger die eiendom van 'n ander persoon volgens 'n ooreenkoms behou en bestuur. Die veronderstelling is dat dit nie vir persoonlike gewin nie maar tot voordeel van begunstigdes moet geskied. Soos reeds in 'n vorige artikel bespreek, is daar drie partye by 'n trust betrokke, naamlik die oprigter, die trustees en die begunstigdes.

Oprigter

Die oprigter is die persoon wat eiendom na 'n trust oordra en per ooreenkoms (die trustakte) sy voorwaardes wat daaraan verbonde is aan die trustees neerlê. Die opdrag om 'n trust op te rig kan uitgevoer word terwyl die oprigter nog lewe of ook in gevolge sy testament na sy afsterwe. Wanneer die trust opgerig is en die bates oorgedra is, het die oprigter geen jurisdiksie meer oor die bates nie. Indien hy 'n trustee is kan hy in hierdie hoedanigheid, saam met die ander trustees, die bates bestuur en beheer.

Trustees

Die oprigter magtig sekere persone om as trustees van sy trust op te tree. Terwyl die oprigter nog lewe het hy heelwaarskynlik inspraak oor die verdere aanstelling van trustees. Die trustee kan ook deur die bestaande trustees, die begunstigdes, 'n hofbevel, statutêr of deur die Meester van die Hoogeregshof aangewys word. Dit is dus baie belangrik wie die trustees van die trust is want hulle is in beheer van die bates, hulle besluit oor die aanwending daarvan en hulle verdeel die inkomste of kapitaal na die begunstigdes toe.

Begunstigdes

'n Trust word uitsluitlik vir die doeleindes van die begunstigdes opgerig. Gevolglik is 'n trust sonder begunstigdes nie moontlik nie. Die regte en voorregte van die begunstigdes word in die trustakte uitgespel en daar word gewoonlik onderskeid tussen kapitaalbegunstigdes en inkomstebegunstigdes getref.

Wetgewing maak wel voorsiening dat die oprigter sowel as die begunstigdes ook trustees van die trust kan wees. Waar 'n trust egter vir die doeleindes van 'n boerdery opgerig word, word die drie partye gewoonlik geskei. Dit beteken dat die oprigter, die trustees en die begunstigdes drie verskillende partye is.

PLIGTE VAN TRUSTEES

Die algemene model vir die doeleindes van boerdery is dat die oprigter, indien hy nog lewe, saam met sy vrou en 'n prokureur of rekenmeester ook 'n trustee is. Die begunstigdes is gewoonlik die volgende geslag wat moontlik die boerdery gaan voortsit en is dus in die meeste gevalle die boer se kinders. Op hierdie wyse het die boer self nog redelik baie beheer oor die trust, al behoort die bates nie meer aan hom nie en al is hy nie die enigste trustee nie.

Die trustees se take is ook in 'n vorige artikel uitgespel. Die vernaamste hiervan is die volgende:

- Die trustees moet altyd in goeie trou optree en ook gesamentlik optree.
- Die trustees moet altyd onpartydig wees en 'n situasie vermy waar persoonlike belange met die van die trust bots.
- Van die trustees word verwag om die fondse van die trust te bestuur en die opbrengs daarvan aan die begunstigdes te besorg.
- Die trustees is in die algemeen onder 'n verpligting om die eiendom van die trust in stand te hou.
- Die trustees moet rekenskap oor die trust se sake aan die begunstigdes gee.
- Die trustees moet, indien so versoek word, rekenskap aan die Meester gee oor die administrasie van die trust.
- Die dokumentasie van die trust moet deur die trustees in veilige bewaring gehou word.

MAGTE VAN DIE TRUSTEES

Die trustakte spel die magte van die trustees uit. In die reël word daar soveel as moontlik magte aan die trustees gegee en is daar nie beperkings op hulle optrede nie. Die rede hiervoor is dat daar van die trustees verwag word om te alle tye die belange van die begunstigdes te bevorder en sekere beperkings kan hulle in die uitvoering hiervan belemmer. Die verhouding tussen die trustees en die begunstigdes sal gewoonlik die mate van diskresie ten opsigte van trustees se magte bepaal.

'n Trustee is geregtig op vergoeding vir die uitvoer van se take. Hierdie vergoeding word gewoonlik in die trustakte uitgespel.

Die oprigter en die begunstigdes het geen magte oor die funksionering van die trust nie, behalwe in hulle hoedanigheid as trustees. As hulle nie terselfdertyd ook trustees is nie, het hulle dus geen magte binne die trust nie.

GEVARE BY DIE BEHEER

Die gebruik van 'n trust, veral by erfopvolging van 'n boerdery, hou verskeie voordele vir die boer in. Dit is egter uiters belangrik dat die boer in gedagte moet hou dat hy geen direkte beheer meer oor sy bates het wanneer dit na die trust oordra is nie. Hy sal sy beheer dus deur middel van 'n klousule in die trustakte moet verskans of hy sal as trustee van die trust moet optree en sorg dat sy beheer nie deur die ander trustees oorheers kan word nie.

Solank die oprigter nog lewe is die beheer van die trustbates 'n veel kleiner probleem as wanneer hy te sterwe kom. Dan is dit onvermydelik dat die beheer na iemand anders moet oorgaan. Hier het die boer gewoonlik 'n keuse tussen sy getroue gade, sy spandabelrige skoondogter, die belastinggesinde rekenmeester of die bedrieglike prokureur. Daar is 'n goeie kans dat enige van hierdie partye ten minste nog die boer se belange op die hart sal dra en dat hulle goeie kontak met die familie sal behou. Op hierdie wyse sal die boer se bedoelings baie waarskynlik voortgesit kan word al is dit nie skriftelik in sy laaste wil en wense uitgespel nie.

Dit is, veral vir 'n boer, nie wenslik om 'n testament by die plaaslike bank te laat opstel. *Dit is nog minder wenslik om in hierdie testament te bepaal dat dieselfde bank 'n testamentêre trust vir die naasbestaandes moet oprig en dat die bank dan nog die alleenreg reserveer om dit self te bestuur ook.* Lees asseblief die vorige twee sinne weer 'n keer en vertel dit vir elke boer wat u mag raakloop.

Die rede vir bogenoemde is eenvoudig: ten spyte van die bank se uiterste simpatie en beloftes aan die naasbestaandes ten tye van die testament se opstelling, word die testament binne 'n maand na afsterwe van die boer na die bank se boedelafdeling op 'n hoë verdieping in 'n groot stad oorgeplaas en die naasbestaandes het verder net per telefoon en per faks kontak met dieselfde simpatieke bank. Wanneer die testamentêre trust dan in gevolge die bank se eie voorwaardes uit die boedel operig word, verskuif die trust na die trustafdeling van die bank op 'n nog hoër verdieping na 'n nog groter stad en raak die inspraak in die beheer van die trust al kleiner terwyl die administratiewe koste van die simpatieke bank al groter word.

Dit is by verre meer wenslik om die testament by die plaaslike prokureur te laat opstel en dan self daarin te spesifiseer wie die testamentêre trust se trustees moet wees. Die gade, skoondogter, rekenmeester of plaaslike prokureur dra beslis die boer en sy familiebelange meer op die hart as die bank.

Die beheer van die bates kan 'n trust laat werk maar dit kan in 'n nagmerrie ontaard as dit in die verkeerde hande beland. Wanneer die boer dus 'n trust in sy erfopvolgingsbeplanning oorweeg, moet hy baie deeglik oor die beheer van die trust besin, hetsy dit 'n *inter vivos* (in lewe) of *mortis causa* (testamentêre) trust is.

BETHLEHEM
Februarie 2004